basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye plus ’n rubriek.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Beantwoord TWEE vrae van altesaam 70 punte.
Doen EEN vraag oor elkeen van die TWEE soorte tekste wat jy vanjaar gedoen het.
Beantwoord TWEE gedigte (17½ punte x 2) indien jy AFDELING D kies.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: *Kringe in 'n Bos*	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 3: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 5: *Meeulanders*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: *Meeulanders*	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 7: *Poppie – die drama*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: *Poppie – die drama*	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 9: *Paljas*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: *Paljas*	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 11: *Die engelman*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: *Lied oor niemandsland*	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord vrae oor enige TWEE van die gedigte.

VRAAG 13: Vrou langs die pad	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: 'n klein beriggie	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: e-sonnet	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: Woonstelbewoner	Kontekstuele vraag	17½ punte

NASIENRIGLYNE

- As ’n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)

- As ’n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek ’n streep deur die laaste (twee) gedig(te).

- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag:
  As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself gepenaliseer het.

- As die opstel te lank is, laat ’n oorskreiding van ’n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.

- Kontekstuele vrae: As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Die konflik tussen Saul en sy pa, Joram

- Die bloubokkie-episode:
  - Dit het die eerste konflik tussen Joram en Saul veroorsaak.
  - Saul het die tradisies en gelowe van die bosmense begin bevraagteken.
  - Hy wou dit alles toets, bv. hoe die gal in die bloubokkie se kop sit.
  - Saul is hierna as oproerling gebrandmerk**.**
- Die afkap van die kalander:
  - Joram wou die boom laat afkap en Saul het gevoel die boom lewe.
  - Joram het Saul gedwing om die boom te kap en toe hy weier, het hy hom geslaan.
- Die dag toe MacDonald sy pa verneder het met die houtkopery en Joram stilbly, het Saul kwaad geword.
  - MacDonald wou toe nie dwarslêers hê nie, maar stinkhout.
  - MacDonald het die hout as derdeklas geklassifiseer.
  - MacDonald wou net 10 sjielings afgee op hulle skuld en 'n goodfor vir koffie en suiker en meel.
- Hy het geglo die goud behoort aan die bosmense en sy pa het gedink hy bring die duiwel in die bos.

Die konflik tussen Saul en Jozef

- Jozef wou nooit iets anders as 'n bosmens wees nie en Saul het geglo Jozef was dom.
- Jozef wou hul inkomste aanvul deur olifante te skiet en Saul het gedink dis verkeerd dat die Bos moet boet vir wat die houtkopers van die bosmense steel.
- Jozef het geglo Saul was 'n verraaier wat hulle by die goewerment gaan verkla het omdat hulle olifante skiet.

Die konflik tussen Saul en MacDonald

- Saul het gehoor hoe Macdonald vir sy pa:
  - verneder en sê dat hierdie dwarslêers vuurmaakhout is.
  - sê dat hy hom sal wys hoe dwarslêers lyk.
  - dreig dat hy hulle sal terugstuur met hierdie hout.
  - sê dat hulle vas is en vir die res van hul lewe in die skuld sal bly.

- Saul se houtskuurdae
  - Saul het vir sy pa-hulle se skuld gewerk – sonder enige betaling.
  - MacDonald het vir Saul verbied om vir Kate te sien, nadat hy van hul Sondae-middae se kuiertjies gehoor het.
  - MacDonald het vir Saul verbied om vir Kate te sien.
  - MacDonald het Saul beskuldig dat hy Patterson se pan gesteel het, terwyl hy hom in die Bos begelei het.
- Arend se dood
  - MacDonald het geweier dat Arend met sy beseerde voet by die skuur oorslaap.
  - Saul glo dis MacDonald se skuld dat Arend dood is.
  - Saul was woedend/kwaad en het MacDonald met 'n klont agter sy rug gegooi. **[35]**

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit.

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

2.1 van die waterval af (1)

2.2
- Kate het **skoolgehou in die Bos**/Sy het vir die delwerskinders **skoolgehou**. ✓
- (Kate het Saul agtervolg) **om te sien waar hy woon**. ✓ (2)

2.3.1
- Kate wou nie hê dat hulle kwaaivriende uitmekaar gaan nie.
- Kate wou nie dat hulle kwaad uitmekaar gaan nie.
- Kate wou nie dat hulle in onvrede uitmekaar gaan nie.

(Enige EEN) (1)

2.3.2
- Hy het bewys dat (nie) alle houtkappers en hulle kinders (nie) vuil en wild is nie.
- Hy het bewys dat houtkappers en hulle kinders ook iets in die lewe kon bereik.

(Of soortgelyk) (1)

2.4 B Saul het gehoor dat die delwers in die Bos mag aanbly. ✓
A Kate het vir Saul agtervolg. ✓
C Saul het besluit om die Bos te verlaat. ✓ (3)

2.5 twee dae/2 dae (1)

2.6
- Sy het sy meubels gesien (stoel, tafel, bed, geelhoutklerekas).
- Sy het Patterson se pan gesien.
- Sy het sy boekrak met drie boeke gesien (David Copperfield, Bybel, Stars of the South).
- Sy het sy gordyne gesien.

(Enige DRIE) (3)

2.7.1 sleeppad (1)

2.7.2 gekwes (1)

2.7.3 vyfde (1)

2.7.4 oorleef (1)

2.8 D 'n huisie agter die klipkerk (1)

2.9.1 Onwaar (1)

2.9.2
- MacDonald het geglo dat Saul Patterson se goudpan gesteel het.
- MacDonald het gehoor dat Saul en Kate agter die skuur ontmoet het.

(Enige EEN) (1)

2.10.1 Onwaar (1)

2.10.2 Saul het **vir Peter Crompton gaan sê** (omdat hy bekommerd was dat die mense sou wonder waar Kate was). (1)

2.11 niemand omgegee het dat die Bos vernietig word nie (1)

2.12.1 D Dit het Saul haastig gemaak. (1)

2.12.2 E Dit het ou ongelukkgheid in Saul laat roer. (1)

2.12.3 B Daaraan wou Saul nie dink nie. (1)

2.12.4 C Dit sou Saul tot sy sinne ruk. (1)

2.13 B hulle gehoor het dat Saul sy attensies op Kate afdwing. (1)

2.14 George III (1)

2.15.1 Swellendam toe (1)

2.15.2 MacDonald het geweier om weer hout by Saul se broers te koop solank as wat Saul op Knysna was. (1)

2.16
- Alles wat hy gehad het, het hy gelos. ✓
- Hy het weggegaan sodat hy sy broers kon help. ✓ (2)

2.17 Die kandidaat moet 'n duidelike gevoel identifiseer EN 'n ooreenstemmende rede vir die gevoel gee, bv.

- Ek voel kwaad/hartseer/ongelukkig, ✓
- want 'n mens mag nie dink dat jy beter is as ander mense nie. ✓

(Of soortgelyk) (2)

2.18 Gesinslede moet bymekaar staan/mekaar ondersteun.

(Of soortgelyk) (1)
[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
15		14	6	

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:
Hanna en Fabienne se name het verskil

Hanna	Fabienne
• Hanna se naam was doodgewoon. • Hanna se naam was nie eksoties genoeg nie. • Hanna het gedink haar lewe sou beter wees as sy 'n eksotiese naam gehad het.	• Hanna kies vir haar alter ego 'n eksotiese naam, Fabienne. • Dis die naam wat Gavin vir Hanna sou kies.

Hanna en Fabienne se voorkoms het verskil

• Hanna se lewe het 'n tekort aan stralende geluk, deels omdat sy nie haar voorkoms kon aanvaar nie. • Hanna was selfbewus oor die gaping tussen haar boonste voortande. • Hanna se hare is muisvaal. • Hanna se puisies pla haar. • Hanna sien haarself as gemiddeld.	• Fabienne se lewe was 'n reguit lyn van geluk omdat sy mooi was. • Fabienne het fantastiese tande gehad. • Fabienne het lang, swart hare en smeulende oë gehad. • Fabienne het nie puisies nie. • Alles aan Fabienne is bo-gemiddeld.

Hanna en Fabienne se huislike omstandighede het verskil

• Hanna se lewe het 'n tekort aan stralende geluk, deels omdat sy nie haar huislike omstandighede aanvaar het nie. • Hanna se pa was ongewoon (gay) en nie deel van haar lewe nie. • Hanna se pa was 'n klere-ontwerper – 'n ongewone werk. • Hanna se gesin het dikwels sop geëet omdat geld maar skraps/min was. • Hanna was skaam vir haar ma se kleredrag en hare vol verf/ verfkwaste. • Hanna se ma het groen hare gehad (verf). • Hanna het twee broers gehad, maar nie 'n suster nie. • Hanna se huis was onooglik, 'n spektakel en nie 'n huis waarin 'n normale gesin ooit sou woon nie. • Hanna se tuin was oorgroei met onkruid wat kuithoogte gestaan het. • Hanna en haar gesin het in 'n ou huis op 'n verlate berg gaan vakansie hou.	• Fabienne se lewe was 'n reguit lyn van geluk omdat haar huislike omstandighede ideaal was. • Fabienne se pa was 'n gewone man. • Fabienne se pa het 'n doodnormale werk gehad met status. • Fabienne en haar gesin eet gebakte aartappels en smeltsagte lamsboud/biefstuk met roosmaryn of souserige beesstertbredie. • Fabienne se ma het mooi geverfde lippe en sy is netjies. • Fabienne se ma het groen vingers gehad (ywerige tuinier). • Fabienne het nie broers nie; net 'n suster. • Fabienne se huis is modern, vol lig en glinsterend skoon. • Fabienne se tuin was 'n lushof. • Fabienne en haar ouers het in styl vakansie gehou.

Hanna en Fabienne se persoonlikhede het verskil

• Hanna het 'n ryk verbeelding gehad. • Hanna het nie wilskrag om nee te sê vir sjokolade nie. • Hanna is ongewild by die seuns.	• Fabienne was die kunstenaar. • Fabienne het selfbeheersing as dit by sjokolade kom. • Fabienne draai seuns om haar pinkie.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit**.** **[35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

4.1
- Sy het 'n gaping tussen haar boonste twee voortande gehad.
- Haar borste was te klein na haar sin.
- Sy het haarself te doodgewoon gevind.
- Sy het gedink sy het lelike voete gehad.
- Sy het nie van haar puisies gehou nie.

(Enige TWEE) (2)

4.2 Botterberg (1)

4.3
- Seuns hoef nie rugby te speel nie.
- Seuns mag maar pop speel.

(Enige EEN) (1)

4.4
- **Sy was swanger** met Hanna.
- Die eerste keer was Mana **te naar**.

(Enige EEN) (1)

4.5 Klere
- Sy het helderkleurige klere aangetrek wat haar swanger maag beklemtoon het.
- Sy het hansworshoede gedra.

(Enige EEN)

Hare
- Sy het verfkwaste in haar hare gehad.
- Die verf het soms in haar hare vasgesit.

(Enige EEN) (2)

4.6
- Die gesinslede het baie gestry.
- Die gesinslede het mekaar nie genoeg waardeer nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.7.1 Onwaar (1)

4.7.2
- Na die geboorte van die baba het Gavin en die seuns soos 'n klomp rugby-ondersteuners wie se **span** pas 'n beker gewen het, gejuig.
- Almal het in 'n koerende **kring** om Mana se bed gestaan.
- Na die baba se geboorte het **almal** gaan stap tot by die drif.
- Hanna het besluit om 'n boek te skryf met **al** haar huismense in.

(Enige EEN) (1)

4.8.1 Eerste twee uur:
- Die eerste twee uur het die huismense en honde dit ongemaklik gemaak**.**
- Tibo en Amos het die hele tyd geargumenteer.
- Die honde het karsiek geword.

(Enige TWEE) (2)

4.8.2 Laaste halfuur:
- Die laaste halfuur was die pad nat en swak. (1)

4.9 D Beyers 'n interessante boodskap per selfoon ontvang het. (1)

4.10.1 C Amos (1)

4.10.2 B Yann (1)

4.10.3 A Beyers (1)

4.10.4 E Tibo (1)

4.11 Beyers (1)

4.12
- Sy het nie graag in die huis gehelp nie.
- Sy wou graag bedien word.
- Sy het nie graag haar hande uitgesteek om iets te doen nie.

(Of soortgelyk) (1)

4.13 Die gesinslede wat haar nie geken het nie, kon beïnvloed word om sleg van haar te dink voordat hulle haar ontmoet het.

(Of soortgelyk) (1)

4.14
- Amos was spontaan.
- Hy het openlik gewys hoe bly hy was dat sy daar was.

(Enige EEN)

- Yann was verleë.
- Hy het nie regtig geweet hoe hy teenoor sy ma moes optree nie.

(Enige EEN) (2)

4.15.1 positief (1)

4.15.2 ongeduldig (1)

4.15.3 vals (1)

4.15.4 Sharon (1)

4.16 C Hanna het verjaar. ✓

B Die baba is gebore. ✓

A Sharon se ouers het opgedaag. ✓ (3)

4.17.1 Waar (1)

4.17.2
- Margot se hulp met die geboorte van die baba het gewys dat sy tog bereid was om ander te help.
- Margot het tydens die geboorte van die baba bewys dat sy haar hande kon uitsteek.
- Margot het tydens die geboorte van die baba bewys dat sy nie net bedien wou word nie.
- Sy het beheer in 'n krisissituasie oorgeneem.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.18 D gesukkel het om hulleself te aanvaar soos hulle was. (1)

4.19 Dis belangrik vir jou eie geluk om jouself en jou omstandighede te aanvaar.

(Of soortgelyk) (1)

4.20 Eie opinie. Die kandidaat moet vir óf teen die boek besluit EN dan 'n ooreenstemmende rede vir die keuse gee, bv.

- Ek dink die boek is gepas, want dit is die dinge waarmee Graad 12-leerders definitief te doen kry en dan weet hulle dat agter al hierdie sake staan gewone mense soos ek en jy.

(Of soortgelyk)

OF

- Ek dink nie die boek is gepas nie, want hierdie sake word ingekleur asof dit goed en reg is en dit stel die verkeerde voorbeeld vir jongmense.
(kan ook 'n saak noem)

(Of soortgelyk) (1)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
15		14	6	

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Jacob Langhans

- Jacob was verlief op Magrietjie du Plessis wat op Salmanderbaai gewoon het.
- Skalla het vir Magrietjie du Plessis verkrag en sy het in Stikland beland.
- Jacob het ’n haat opgebou teenoor die Blanckenbergs.
- Twee maande na die insident is Jacob Meeuland toe as kaptein van die eiland.
- Jacob het ’n eenkantmens geword wat sy lewe op die eiland gebou het.
- Elsabet het self gesê Meeuland is in Jacob se murg.
- Volgens Elsabet glo Jacob dat nie die wêreld óf die Blanckenbergs hom op Meeuland kan bykom nie.
- Hy het sy seer daar gaan wegsteek.

Elsabet

- Elsabet het op Meeuland beland nadat sy met Jacob getroud is.
- Sy het die eiland gehaat en wou nie haar kind daar grootmaak nie. Sy het dit ’n eilandtronk genoem.
- Sy het later die eiland en vir Jacob verlaat en sy het vir Janka by Jacob gelos.
- Sy het van Jacob geskei en met Fred Blanckenberg getrou.
- Dis ironies dat sy net voor sy dood is, besluit het om na Meeuland terug te gaan.

Jannerik

- Hy het eiland toe gegaan ná sy vrou, Miena, se dood.
- Hy het onthou toe hy 11 jaar gelede daar aangekom het, het dit geklink asof die voëls Miena se naam uitgeroep het om by sy hartseer aan te sluit.
- Op die eiland het sy hartseer minder geraak.
- Meeuland was vir Jannerik so ’n plek van veiligheid dat hy sy kleinkind, Janka, ook daarheen geneem het toe Ousanna nie na haar kon kyk nie.

Ryna van Rensburg

- Nadat Ryna uit die inrigting ontslaan is na haar man en kind se dood, wou sy na ’n plek gaan: hoe meer afgesonderd, hoe beter.
- Haar man en kind het gesterf nadat haar man eers vir Ronnie (haar seun) en toe homself doodgeskiet het.
- Ryna se man het ook die huis aan die brand gesteek.

- Agterna moes Ryna hoor dat haar man by onwettige dwelmhandel betrokke was.
- Prof. Van Keulen het vir haar 'n navorsingswerk vir drie jaar op die guano-eiland, Meeuland, gekry.
- Ryna moes 'n boek oor die gewoontes van die voëls skryf en sy moes dit illustreer.
- Aan die begin het Ryna die drie jaar as 'n ewigheid gesien en gewonder hoe sy onder Jacob sou uithou.
- Ryna het eintlik weggevlug van die verlede wat seermaak.
- Die eiland het later vir haar God se plekkie geword.
- Op Meeuland kon Ryna haar lewe oormaak.
- Op Meeuland het Ryna teruggekom na die eenvoud van die aarde.

Attie
- Attie het verlief geraak op Ryna en daarom het hy Meeuland toe gegaan om naby Ryna te wees.
- Attie het die assistentspos op Meeuland aanvaar.
- Attie het later besef dat Ryna en Jacob saam hoort en weggegaan Suid-Wes toe.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

6.1 Sy het dit gesien toe sy die dag op Salamanderbaai aangekom het. (1)

6.2 C hoekom Sheila selfmoord gepleeg het. (1)

6.3.1 Waar (1)

6.3.2 Sy het self 'n nuwe begin op Meeuland gaan maak (nadat haar man en seun dood is). (1)

6.4.1
- Haar man het die huis aan die brand gesteek.
- Hy het daarna hul seun en/of toe homself doodgeskiet.

(Enige EEN) (1)

6.4.2 Sy het 'n blonde man (in die rook en vlamme) gesien. (1)

6.5.1 Waar (1)

6.5.2
- Henning het vir Skalla gevra om vir Ryna dood te maak omdat Ryna hom herken het.
- Henning wou Ryna dood hê omdat Henning bang was sy deel in die gebeure by Ryna se huis sou uitkom.

(Enige EEN) (1)

6.6 Sy wou **daarin wegkruip** (en nooit weer uitkom nie). (1)

6.7 By Ousanna (1)

6.8
- Hy het by Ousanna gehoor dat 'n mens 'n boom moes plant as jy pyn gehad het/hartseer was. ✓
- Die pyn sou dan in die takke ingegroei het. ✓
- Hoe groter die boom word, hoe minder sou die pyn word. ✓ (3)

6.9.
- Hy was bang dat hy vir Janka sou verloor.
- Hy was bang dat Janka saam met Elsabet op Salamanderbaai sou agterbly.
- Hy was bang dat Janka nie weer na Meeuland toe sou terugkom nie.
- Hy was hartseer oor Janka se ongeluk.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.10 B Jannerik se pyn besig was om minder te word. (1)

6.11 Janka het haar pyn/hartseer (oor haar ma se dood) (in die takke) weggesteek. (1)

6.12.1 B Die boot waarmee Ryna uit Salamanderbaai vertrek het. (1)

6.12.2 A Die naam is afgelei van New Land. (1)

6.12.3 D Ryna se CB-naam. (1)

6.12.4 E Janka se stootkarretjie. (1)

6.13 Fred (1)

6.14.1 Kersvader (1)

6.14.2 Skalla (1)

6.14.3 Kaapstad (1)

6.14.4 loop (1)

6.15 C Ryna het die trommeltjie by Ousanna gekry. ✓
A Jacob het gehoor dat Meeuland as guano-eiland gesluit word. ✓
B Jacob het vir Ryna gesê dat hy vir haar lief was. ✓ (3)

6.16 Eie opinie, bv.

- Ja. Hy is haar wettige pa./Hy behoort te weet.

OF

- Nee. 'n Belofte mag nooit verbreek word nie. (1)

6.17 Janka/Sy dogtertjie. (1)

6.18 Eie opinie, bv.

- Ja. Sy behoort te weet dat **Elsabet** nie haar regte ma was nie./ Dis elke kind se **reg** om te weet wie sy of haar regte ma is.

OF

- Nee. Die nuus sou haar onnodig ontstel en sy het al klaar swaar genoeg gekry. (1)

6.19 Fred:
- Hy is ontrou in sy huwelike.
- Hy maak vir Kinnie swanger.

Skalla:
- Hy pers sy broer, Fred, af.
- Hy is betrokke by onwettige smokkelbedrywe.
- Hy skiet vir Janka.
- Hy was betrokke by Ryna se man en kind se dood.

(Enige EEN feit per karakter) (2)

6.20
- Ryna het vir Jacob en Janka liefgekry en hulle was Meeulanders.
- Ryna het die natuur op Meeuland leer liefkry.
- Op Meeuland het Ryna geleer van die ewewig van die lewe.

(Enige TWEE) (2)
[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		15	6	

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord EEN van die volgende vrae.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Jakkie in sy opstand teen die regering

- Jakkie het Poppie se swaarkry met die verkryging van 'n werks- en verblyfpermit gesien en dit het hom opstandig teenoor die paswette/regering gemaak.
- Jakkie het 'n leier in die opstande teen die regering in 1976 geword.
- Jakkie het erken dat hy vir haar (Poppie) baklei.
- Jakkie wou graag hê sy suster moes 'n beter lewe lei.
- Jakkie was nie bang om tronk toe te gaan nie, want Jakkie het geglo hy baklei vir die regte dinge.
- Jakkie en die kinders het die biersale afgebrand.
- Jakkie sê hy was nie moeg nie en sou nog aanhou veg.
- Jakkie het Poppie teleurgestel toe hy en ander kinders Plank slaan omdat Plank dronk was.
- Jakkie se verweer was dat dit die drank was wat Plank 'n nikswerd gemaak het.
- Jakkie het die stad se kinders in die optogte en die gevegte teen die migrants gelei.
- Jakkie is deur die migrants met kieries toegetakel.
- Jakkie het 'n polisieman geskiet en hy moes vlug.
- Jakkie se ma was baie bekommerd oor hom, want sy ma het gevrees dat die polisie Jakkie sou doodslaan, omdat hulle Jakkie as gewapen en gevaarlik beskou het.
- Mama en Baby is ook in hegtenis geneem, omdat die polisie gedink het hulle sou Jakkie kry.
- Poppie is ook deur die polisie ondervra, want die polisie het gedink Poppie steek vir Jakkie by haar kinders in Herschel weg.

Die kinders se betrokkenheid by die opstande teen die migrants

- Die kinders het plakkate opgeplak om die migrants te waarsku om nie drank te verkoop nie.
- Die kinders het optogte in die stad gehou.
- Die migrants wou nie luister nie, toe gaan die kinders na hulle special quarters en hulle breek die vensters en die bottels (drank).
- Die polisie het toegelaat dat die migrants die kinders slaan.
- Die kinders was kwaad, omdat die migrants na hulle verwys het as "kinders van hoere".

- Hulle het die biersale afgebrand.
- Die kinders het aan die grootmense voorgeskryf – Kersfees mag nie met trimmings (nuwe klere, skoene, ens.) gevier word nie.
- Tydens die onluste kort voor Kersfees het die kinders (oproermakers) petrolbomme en klippe in die lokasiemense se huise gegooi.
- Die mense moes uit die brandende huise vlug.

Die gevolge van die opstande op Poppie en haar kinders

- Poppie moes ook met haar kinders uit die huis vlug uit vrees dat hulle in die huis sal doodbrand deur die petrolbomme wat in die huis gegooi is.
- Sy het die kinders geroep. Almal het gekom, behalwe Vukile wat net geskreeu en bly lê het.
- Poppie het hom opgetel, op haar rug gesit en Guguletu toe gevlug.
- Daar het Poppie ontdek dat Vukile deur 'n klip getref is en gesterf het.
- Dit het haar baie hartseer gemaak, want sy dood is deur die onluste wat deur Jakkie aangevoer is, veroorsaak.
- Jakkie het Poppie se swaarkry vererger, omdat hy haar ouer kinders by die opstande betrek het.
- Jakkie het Bonsile se hulp gaan soek om hom (Jakkie) oor die grens te kry.
- Bonsile en Nomvula is deur die polisie in hegtenis geneem en ondervra.
- Poppie se kinders se inhegtenisneming het haar baie ontstel.
- Sy het gevoel dat sy iets gesondig het dat so iets met haar kinders moes gebeur.
- Poppie het besef dat sy haar kinders nie teen die geweld en onluste kon beskerm nie.
- Poppie het uiteindelik besef dat sy nie vrede in haar lewe sou hê nie.

SLOT: Die tema word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

8.1 16 jaar (1)

8.2 Hulle het (vir mekaar) briefies geskrywe. (1)

8.3 A van Ciskei af gekom het. (1)

8.4
- klere
- kombuisgoed (ketels)
- beddegoed (komberse en lakens)
- kitchendresser
- tafel

(Enige DRIE) (3)

8.5.1 Onwaar (1)

8.5.2 Stone en sy mense het teruggegaan na hulle huis toe. (1)

8.6
- Poppie moes na die man (Stone) se mense kyk.
- Poppie moes inspring as die skoonmense iets oorkom.
- Poppie moes nie die familie uitmekaar maak nie.

(Enige EEN) (1)

8.7.1 Bhuti-ka-nombi (1)

8.7.2 uit respek (1)

8.8.1 eenkamerhuis (1)

8.8.2 tweekamerhuis (1)

8.9 C Poppie se kind het aan kinkhoes gesterf. ✓

A Poppie het Kaap toe gegaan waar haar ma en broers was. ✓

B Stone het kontrakwerk gekry by die melkery. ✓ (3)

8.10 drie maande (1)

8.11.1 Onwaar (1)

8.11.2 Dit was eers toe sy haar pas wou gaan verleng nadat sy klaar by Mrs Graham gewerk het (dat sy gehoor het dat sy Ciskei toe moes gaan). (1)

8.12.1 E Poppie se heel eerste werk in die Kaap. (1)

8.12.2 C Poppie het teen agt pond per maand by haar gewerk. (1)

8.12.3 B Haar man se invloed het gehelp om vir Poppie ’n pas te kry. (1)

8.12.4 A Sy het vir Poppie gehelp om in Bellville werk te kry. (1)

8.13 D personifikasie (1)

8.14 Bonsile het ’n meisie swanger gemaak. (1)

8.15 Haar man was baie siek. (1)

8.16.1 sonder sy gesin (1)

8.16.2 Oxo-sous (1)

8.16.3 op skool (1)

8.16.4 pas (1)

8.17 Eie opinie, bv.

- Ja. Sy moes nie Mdantsane toe getrek het en Stone alleen agtergelaat het nie.

OF

- Nee. Omstandighede (regeringswette) het haar gedwing om te doen wat sy gedoen het.

(Of soortgelyk in EEN sin) (1)

8.18

- Sy was 'n vegter – gee nie maklik op nie.
- Sy was lojaal teenoor haar familie.
- Sy het haarself afgesloof sodat haar kinders 'n huis en 'n goeie opvoeding kon hê.
- Sy was 'n goeie moeder.
- As gevolg van haar swaarkry (pas probleme) was haar kinders noodgedwonge teen die opstande beskerm.
- Sy het baie opofferings gemaak om sover moontlik haar kinders bymekaar te hou.
- Sy het liefdevol teenoor haar gesin en haar familie opgetree.

(Enige DRIE) (3)

8.19 Eie opinie, bv.

- Ja. Dit is die regering se plig om huise aan die inwoners van die land te verskaf en om werksgeleenthede te skep.

OF

- Nee. Mense moet self sorg vir behuising en hul eie werk soek.

(Of soortgelyk) (1)
[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		15	6	

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die vraag sinvol in.

LIGGAAM:

Die spanning tussen Hendrik en Katrien

- Hendrik en Katrien het nie sinvol met mekaar gekommunikeer nie en dit het spanning geskep.
- Die manier waarop Hendrik sy twee kinders gehanteer het, het spanning tussen hom en Katrien geskep.
- Hendrik en Katrien het nie ’n bed gedeel nie.
- Hendrik en Katrien het baie gestry.

Willem en Emma se hantering van die spanning

- Die gespanne atmosfeer in die huis het vir Willem angstig/senuweeagtig gemaak.
- Willem het die afgelope twee jaar glad nie gepraat nie.
- Die dokter het geglo dat Willem bang was vir iets of vir iets geskrik het.
- Die dokter het ook geglo dat dit Hendrik se skuld is omdat hy alles wou reg raas.
- Emma het die spanning tussen haar ouers gesien.
- Emma wou nie net soos hulle word nie.
- Emma het vir Nollie afgejak omdat sy bang was vir ’n verhouding.

Frans se rol om spanning te skep

- Frans het elke week op die werf gekom, maar dit was net om vir Katrien te sien.
- Frans was verlief op haar.
- Hendrik het dit vermoed en dit het nog meer spanning tussen Hendrik en Katrien geskep.
- Die leser het die heeltyd gewonder of daar iets uit hierdie vriendskap tussen Frans en Katrien sou ontwikkel.
- Frans se besoeke het spanning tussen Emma en Katrien veroorsaak.

Die klimaks van die spanning waar Manuel geskiet is

- Manuel het uit die kerk gevlug en die gemeentelede het hom tot op die stasie gejaag.
- Toe Manuel geskiet is, het Hendrik-hulle vir die eerste keer van hom bewus geraak en toe het die leser gewonder of Hendrik-hulle vir Manuel sou aanvaar.
- Hendrik het kant gekies vir Manuel en hom huis toe gedra wat die spanning tussen Hendrik en die dorpsmense verder laat oplaai het.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS – Chris Barnard

10.1 A eksposisie (1)

10.2 Bertie (1)

10.3 Hy het hom 'n knapie genoem. (1)

10.4
- (Hendrik het gesê hulle moes maak dat hulle wegkom, maar) hulle het gemaak asof hulle hom nie gehoor het nie. ✓
- (Die nar het met Willem gepraat, maar) Willem het nie gereageer nie. ✓ (2)

10.5 Hy het bedoel hulle moes weggaan van Toorwater af. (1)

10.6 waarheen die trein op pad was (1)

10.7 B aggressief opgetree het. (1)

10.8.1 Onwaar (1)

10.8.2 Dit was net 'n waarskuwing dat Hendrik nie met hulle moes sukkel nie. (1)

10.9 Dit simboliseer die
- eensaamheid
- alleenheid

(Enige EEN) (1)

10.10.1 voorspoed

10.10.2 vrolik

10.10.3 paljas

10.10.4 moed (4)

10.11 Die nar se gesig was ingekleur sodat dit gelyk het asof hy lag. ✓
Die nar het 'n bont narrepak aangehad. ✓
Hy het hierdie "mondering" gedra om vrolikheid voor te stel. ✓ (3)

10.12 Hy het vir sy ma 'n narrepak geteken. (1)

10.13
- Hy het gedink hy sou só sy gesin weer laat lag.
- Dit was om te wys dat hulle vriende was.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.14.1 (Oudokter het geglo) Hendrik raas te veel met Willem. (1)

10.14.2
- Hy het in gebaretaal gepraat.
- Hy het Willem nie gedwing om te praat nie.

(Enige EEN) (1)

10.15.1 Die olifant het **enige/'n groot/moeilike probleem** gesimboliseer. (1)

10.15.2 (Sy regop en kordaat houding het die) **selfvertroue** (gesimboliseer wat hy ontwikkel het toe hy sien hy kon iets regkry wat vir hom onmoontlik gelyk het.) (1)

10.16.1 C Willem het 'n muntstuk uit sy sakdoek getoor.

10.16.2 A Willem het gekleurde balletjies bokant die gerolde kafbale gesien uitkom.

10.16.3 B Willem het sy naam op die skuur se muur geskryf.

10.16.4 D Willem het gaan wegkruip by die nar. (4)

10.17 B Die sirkustrein het Toorwater verlaat. ✓

A Die nar het vir Willem 'n vrolike gesig geteken. ✓

C Die nar is raakgeskiet. ✓ (3)

10.18.1 Onwaar (1)

10.18.2
- Die mense het gaan staan en kyk hoe hulle aankom/verbykom/ wegstap.
- Hulle het vir Katrien en Willem woordeloos en (emosieloos) aangekyk.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.19 Eie opinie, bv.

- Nee. Hy beklemtoon/wys maar net hoedat 'n mens soms dink jy is al een wat reg is en al die ander mense is verkeerd.
- Ja. Lesers kan dink dat alle predikante soos hierdie een optree.

(Of soortgelyk) (1)

10.20
- Hy het vir hulle vrolikheid agtergelaat.
- Hy het 'n gemeenskap agtergelaat wat beter met mekaar klaargekom het.
- Hy het 'n gelukkige Willem agtergelaat wat kon praat.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		16	5	

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

DIE ENGELMAN – Izak de Vries

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die vraag sinvol in.

LIGGAAM:

Chris as 'n ernstige jongmens

- Hy was slim.
- Hy het 'n geweldige boekekennis gehad.
- Hy het hom byna dood geleer in Graad 12.
- Hy het nie deelgeneem aan pret nie.
- Hy het nie veel in meisies belanggestel nie.
- Hy het baie in geskiedenis belanggestel.
- Hy het net vir sy rekenaar, kamera en boeke geleef.

Chris se toekomsplanne

- Hy wou 'n ingenieursgraad verwerf.
- Hy wou graag 'n beurs kry.
- Hy wou die eerste paar jaar vir homself betaal.
- Hy het geglo boeke en flieks gaan sy kop reg hou.

Chris se lewe as taxibestuurder

- Hy het in Dover, Engeland, gewerk.
- Hy het baie hard gewerk.
- Hy het die passasiers goed behandel.
- Hy het weggebly van die ander Suid-Afrikaners af.
- Hy wou nie saam drink en meisies onthaal nie.
- Hy het sy werkgewers beïndruk.

Die effek wat Silina op Chris se lewe gehad het

- Hy het nie meer in hokkies gedink nie.
- Hy het die vreemde meisie pragtig gevind.
- Hy kon die hele aand met haar gesels.
- Hy wou die vreemde meisie beïndruk.
- Hy het sy kosbare boek weggegee.
- Hy het agter haar aangehardloop en geskree.
- Hy het spontaan gejok om die boek by haar te kry.
- Hy het selfs daarna lus gevoel vir 'n drankie.

- Hy het sy gevoel as eufories beskryf.
- Hy was nie meer 'n suurknol nie.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

STORIEJOERNAAL

***LIED OOR NIEMANDSLAND* – Jan Rabie**

12.1 lang tyd (1)

12.2
- in die oorlog
- 'n gevangene in die oorlog

(Enige EEN) (1)

12.3 Om die skeiding tussen die twee dele van die dorp te sien. (1)

12.4
- Dit was die hart van die dorp./Dit was die plek waar almal altyd bymekaar gekom het. ✓ (1)

MAAR

- Nou is dit 'n plek waar niemand mag kom nie. ✓

(Of soortgelyk) (1)

12.5 12.5.1 Dit het die dorp in twee geskei. (1)

12.5.2 Die draad het soos 'n slang se sleepsel gelyk .
Die draad was boos /het die dood gebring en daarom is dit met 'n slang geassosieer.

(Enige EEN) (1)

12.6 12.6.1 Onwaar (1)

12.6.2 Sy het ook gehuil omdat sy geweet het hoe hartseer hy gaan wees omdat die dorp toe in twee verdeel was. (1)

12.7 C hy kon miskien onverantwoordelik opgetree het. (1)

12.8 kwaad (1)

12.9 12.9.1 Waar (1)

12.9.2 'n Seun is daar tussen die drade geskiet. (1)

12.10 D hy wou uitvind of Anna nog altyd vir hom lief was. (1)

12.11 B Evert se ma het hom gaan wys hoe die dorp in twee verdeel was. ✓
A Evert het die wagte tot by die doringdraad getrotseer. ✓
C Evert het sy ma belowe hy sou met 'n meisie van haar keuse trou. ✓
(3)

12.12 12.12.1 E Die ou markplein is omgeploeg. (1)

12.12.2 A Die lied van die twee jongmense. (1)

12.12.3 B Liefde oorwin alles. (1)

12.12.4 C Skreeuend het die wagte hul terugbeveel. (1)

12.13
- Sy het gesê hy moenie sy jeug weggooi nie.
- Sy het hom vertel Anna was aan iemand anders verloof.
- Sy het hom vertel hoedat die oorkantste mense hulle met klippe gooi en vloek.
- Sy het gekla dat sy graag 'n kleinkind wou hê.

(Enige DRIE) (3)

12.14 twee/2 (1)

12.15 12.15.1 verkoolde (1)

12.15.2 gesing (1)

12.15.3 sneeu (1)

12.15.4 haat (1)

12.16 Hulle kinders kon eendag trou. (1)

12.17 kalmte (1)

12.18 die dorp aan albei kante van niemandsland verbind het (1)

12.19
- Ons land was ook in twee verdeel as gevolg van apartheid. ✓
- Liefde kan verdeeldheid/apartheid ook oorheers/verander. ✓

(Of soortgelyk) (2)

12.20 Albei partye verloor iets in 'n oorlog. (1)
[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		15	6	

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Vrou langs die pad – Louis Esterhuizen

13.1 ’n bruin kardoes/’n bruin papiersak (½)

13.2.1 Onwaar (1)

13.2.2
- Sy het gestap.
- Sy was op pad halte toe.
- Sy is dood in ’n tref-en-trap-ongeluk.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

13.3.1 B Eufemisme (1)

13.3.2 D Personifikasie (1)

13.3 C Retoriese vraag (1)

13.4
- "smal"
- "krul"

(TWEE APARTE WOORDE) (2)

13.5
- blydskap
- vreugde
- opgewondenheid

(Enige EEN of soortgelyk wat op ’n emosie dui) (1)

13.6 B geduldig vir sy vrou gewag het om terug te kom. (1)

13.7.1 halte (1)

13.7.2 kos en klere (1)

13.8.1 sonsopkoms (1)

13.8.2 geoes (1)

13.9
- krom aansukkel

(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)

13.10 A weldra (1)

13.11 Hulle het vir haar 'n houtkruis geplant. (1)

13.12
- Daar is elke dag tref-en-trap-ongelukke.
- Dit gebeur dat voetgangers sterf as gevolg van 'n motoris wat hulle raakry en wegjaag. (1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
6 ½		8	3	

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

'n klein beriggie – Vincent Oliphant

14.1 In 'n koerant. (½)

14.2 B het gewys dat die nuus in die beriggie onbelangrik was. (1)

14.3.1 Onwaar (1)

14.3.2 "motors meubels huis"
(DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)

14.4 B paarrym (1)

14.5.1 D en hom teen mismoed verset (Versreël 7) (1)

14.5.2 A hy kry haar in 'n ander man se kooi (Versreël 10) (1)

14.5.3 C agter dit wat 'n klein beriggie noem (Versreël 13) (1)

14.6.1 vermoor (1)

14.6.2 selfmoord (1)

14.7 spreker (1)

14.8 Hy het werk gesoek. (1)

14.9
- Dit was 'n krisis in die man se lewe (gebeure). ✓
- Dit het hom finaal laat knak/moed opgee (gevolg). ✓ (2)

14.10 oe-klank (1)

14.11
- Gesinslede en vriende kan 'n mens ondersteun in moeilike tye.
- Gesinslede en vriende hou 'n mens staande in moeilike tye.
- As jy weet daar is gesinslede en vriende wat vir jou omgee, is dit die moeite werd om aan te hou probeer.
- Om betrokke te raak en nie net eenkant te staan nie.
- Om nie na die tyd eers iets te wil doen nie.

(Of soortgelyk) (1)

14.12
- Dit sluit aan by die klein eenvoudige beriggie.
- Vrye vers (1)

14.13
- Omdat die man swaargekry het.
- Omdat hy/sy besef wat die klein beriggie nie genoem het nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
5 ½		8	4	

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

e-sonnet – Susan Smith

15.1 elektronies(e) (½)

15.2
- Papiere aanmekaar gekram.
- Papiere met 'n skuifspeld bymekaar gehou.
- Papiere gepons (en geliasseer)

(Enige EEN) (1)

15.3
- Die spreker hou van orde.
- Die spreker is netjies.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

15.4 Die spreker noem dis **iewers** in die ruimte. (1)

15.5.1 oktaaf (1)

15.5.2 sestet (1)

15.6 nou (1)

15.7 Nee.
- Die spreker gebruik die woord "**langsamerhand**" ✓
- wat beteken dat hy/sy stadig daaraan gewoond geraak het. ✓ (2)

15.8.1 C 'n apparaat wat gaatjies in papier druk (1)

15.8.2 D alliterasie (1)

15.8.3 B e-posadres (1)

15.9 C rekenaar (1)

15.10 A paarrym (1)

15.11.1 Waar (1)

15.11.2 "**slaggereed**"

(EEN WOORD) (1)

15.12
- In strofe een weet die spreker waar sy/haar pos/papiere was. ✓
- In die laaste strofe doen die spreker wat die rekenaar vra. ✓

(Of soortgelyk) (2)

15.13 Nee. Alles word vandag op rekenaars gedoen.

OF

Ja. Ek verkies om te skryf. Ek vertrou nie die rekenaar nie. (1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
6 ½		7	4	

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Woonstelbewoner – Sheila Cussons

16.1 In 'n woonstel/woonstelblok (½)

16.2 positief (1)

16.3
- gehoor(sintuig)
- dat hy/sy kan hoor

(Enige EEN) (1)

16.4 trillende aandag

(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)

16.5.1 D klanknabootsing (1)

16.5.2 B metafoor (1)

16.5.3 A personifikasie (1)

16.6 saans (1)

16.7.1 positief (1)

16.7.2 negatief (1)

16.8. "knersend kalm" (1)

16.9.1 Waar (1)

16.9.2 Die spreker beskryf die dag as "energiek".

(Of soortgelyk) (1)

16.10 D gevoel het asof sy/haar sintuie aangeval word. (1)

16.11
- Die woord vergelyk sy/haar situasie met 'n oorlogsituasie.
- Dit beskryf sy/haar gevoel teenoor die televisie asof dit 'n oorlogsituasie is.

[Afleier D by Vraag 6.10 kan NIE die antwoord wees NIE.]

(Of soortgelyk) (1)

16.12 Vrye vers (1)

16.13
- Ja. 'n Mens moet die teenwoordigheid van ander mense rondom jou respekteer.

OF

- Nee. As 'n mens in 'n woonstel bly, moet jy die geraas van ander kan verduur. (1)

16.14 C dit moeilik is om aan die lewe in 'n woonstel gewoond te raak. (1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
6 ½		8	3	

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou